Provinsie van die
OOS-KAAP
ONDERWYS

Steve Vukile Tshwete Onderwys Kompleks • Sone 6 Zwelitsha 5608 • Privaatsak X0032 • Bhisho 5605
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## HOOFDIREKTORAAT – KURRIKULUM BESTUUR

# GRAAD 12 LEERDER ONDERSTEUNINGSPROGRAM

## HERSIENING EN REMEDIËRENDE ONDERRIG INSTRUMENT: VRAE EN ANTWOORDE

## VAK: ONTWERP – TWEEDE VRAESTEL (PRAKTIES)

**Junie 2009**

**Hierdie dokument bestaan uit 3 bladsye.**

***Streng gesproke nie vir toets/eksamen doeleindes nie.***

**Die praktiese eksamen bestaan uit EEN vraestel.**
**Hierdie vraestel het TWEE dele:**

- **Ontwerp proses/voorbereidingswerk**
- **’n Finale 2-dimensionele ontwerp of 3-dimensionele prototipe**

**TOTAAL: 50 PUNTE**

**INSTRUKSIES AAN DIE KANDIDATE:**

**Reageer op die volgende inleiding:**

Vors na en verken EEN antieke kultuur (byvoorbeeld Aztec, Australiese Inboorlinge, Maya, Chinees, Amerikaanse Indiaan, Yoruba, Egipties) en gebruik hierdie kultuur as inspirasie om ’n ontwerp te skep in een van die volgende VIER kategorieë.

- Kommunikasie/Informasie Ontwerp
- Handwerk Ontwerp (basies twee-dimensionele ontwerp)
- Handwerk Ontwerp (basies drie-dimensionele ontwerp)
- Omgewingsontwerp en Digitale Ontwerp

Maak ’n TWEE-dimensionele ontwerp in jou veld van Ontwerp. Dit moet handgeteken en gekleurd wees met die medium van jou keuse, byvoorbeeld waskryte, koki’s of verf en met die gebruik van ’n minimum van twee kleure. ’n Klein drie-dimensionele prototipe kan ook gemaak word.

Die ontwerp moet ’n waardering vir die kultuur wat jy nagevors het, laat herleef.

**VEREISTES**

1. Proseswerk of voorbereidingswerk moet in ’n bronboek/werkboek (A3 grootte) gewys kan word.

2. Die projek behels die proses vanaf konseptualisasie regdeur tot realisasie van ’n finale ontwerp of prototipe.

3. Die ontwerpsproses moet in A3 formaat neergelê word.

4. Deeglike ondersoek van jou idees en die probleme daargestel deur die inleiding moet gewys kan word.

5. ’n Finale twee-dimensionele ontwerp of drie-dimensionele protipe moet gemaak word.

6. Die twee-dimensionele ontwerp moet nie groter as A3 in grootte wees nie.

7. Die grootte van die drie-dimensionele prototipe sal afhang van die materiale wat gebruik word en die tydsbeperking.

8. Dit is vir die onderwyser om te besluit watter materiale voorsien word.

**KRITERIA**

Jy mag die volgende kriteria gebruik:

- Die gebruik van die elemente en beginsels van Ontwerp.
- Kreatiwiteit en oorspronklikheid
- Navorsing en eksperimentasie
- Genereer idees
- Tegniek en vakmanskap
- Bewyse van ontwerp betrokkenheid
- Professionele aanbieding

**NOTA:** Enige vorm van regstreekse imitasie/plagiaat sal streng gepenaliseer word.

**TOTAAL: 50 PUNTE**